# Taalraad vereer dié wat Afrikaans wyd bevorder

Die hoofredakteur van 'n woordeboek en 'n omroeper is onder diegene wat deur die Afrikaanse Taalraad vereer is.

Dr. Willem Botha, hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), en die joernalis en omroeper Mariëtta Kruger van RSG is Vrydagmiddag met Koker-eerbewyse vir hul lewenslange bydraes tot Afrikaans vereer.

Botha is vereer vir die groei wat hy by die buro van die WAT kon bewerkstellig ondanks die toenemende vermindering van staatsfinansiering.

"Dit het hy onder meer vermag deur intensiewe geldwerwing en die inwerkingstelling van innoverende projekte. Danksy wye mediablootstelling, onder meer op RSG, en projekte soos die jaarlikse Nuutskeppingskompetisie, asook die Treffendste Afrikaanse Handelsnaamkompetisie, het die WAT deur Botha se toewyding 'n bekende naam geword.

"Met die WAT het Botha verseker dat Afrikaans sy regmatige plek naas die ander amptelike tale in Suid-Afrika inneem," lui 'n verklaring van die Taalraad.

Kruger is die regisseur en aanbieder van die radionuusprogramme *Monitor* en *Spitstyd* op RSG.

"Sy het haar lewe gewy aan Afrikaans in die uitsaaiwese, maar ook in haar persoonlike lewe," sê die taalraad.

Daar is ook drie jeugwenners van Koker-eerbewyse aangewys. Hulle is Barron Hufkie, nuusanker op kykNET se eNuus en eNCA, Kanja van der Merwe, 'n doktorsgraadstudent en bedryfsbestuurder van die studenteorganisasie StudentePlein, en Marlie Coetzee, uitvoerende direkteur van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA).

Hukfie is vereer vir die bewusmaking van die inklusiewe en nierassige aard van Afrikaans op die kampusradiostasie MFM in 2015.

Van der Merwe is vereer vir baanbrekerswerk ter bevordering van Afrikaans en het verskeie nuwe terme geskep, soos "pedagogiese tolking", wat na die gebruik van tolking as 'n tegniek in taalonderrig verwys.

Coetzee het die eerbewys ontvang vir haar bevordering van die relevansie van Afrikaans internasionaal. Sy vertrek volgende jaar op 'n toer waartydens sy gaan praat oor kwessies soos Afrikaans se herkoms en die belangrike rol wat Afrikaans steeds in Europa speel.

Nog Koker-wenners is Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans, wat die Koker-eerbewys vir bemagtiging deur Afrikaans gekry het.

Karien Brits het 'n Koker vir die bevordering van Afrikaans ontvang. Brits se navorsingsfokus is meertaligheid en taalbeplanning.

Danie van Wyk, taalaktivis en voorsitter van die DAK Netwerk, het 'n Koker-eerbewys vir die beskerming van Afrikaans ontvang.



**Dr. Willem Botha, hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.** Foto: FACEBOOK

# 'Boer soek vrou'-paar verwag 'n seuntjie

**Ané van Zyl**

Die paartjie Esmerélda en Johan Lombard (albei 29) van *Boer soek 'n vrou* het gister met 'n grappie oor die TV-program aangekondig dat hulle ouers gaan word.

Die egpaar, wat in Augustus in Clarens getroud is, het gister 'n foto van 'n babapakkie op Facebook geplaas met drie sonarfoto's daarby. Hulle het daarop gesinspeel dat hulle 'n seuntjie verwag.

Voor op die pakkie staan in groen geskryf: "Hierdie boer soek nie 'n vrou" en agterop "hy soek net sy mamma".

Die *Boer soek 'n vrou*-logo van 'n windpomp is op die pakkie gedruk.

Op die foto is 'n groen speelgoedtrekker en Esmerélda skryf: "Toekomstige trekkerbestuurder op pad."

Johan, 'n saai-en-veeboer van Marquard in die Vrystaat, se paaie het eers ná die program met dié van Esmerélda (née Van Wyk) gekruis omdat hulle albei ander mense in die program leer ken het. Sy het vir boer Nelis van die Vaal Marina in Gauteng ingeskryf en hy het haar gekies, maar hul verhouding is kort daarna verbreek.

Esmerélda en Johan het in Junie verloof geraak.



**Die foto waarmee Esmerélda en Johan Lombard haar swangerskap aangekondig het.** Foto: INSTAGRAM



**Esmerélda en Johan Lombard verwag hul eersteling.** Foto: MODERN RAE MEDIA



## Nataniël vereer

**Alexa Strachan, uitvoerende hoof van Aardklop, en Nataniël Vrydag op die fees se Hartsvriendeprysgeselligheid in Centurion. Die *Smitstraat Suite* deur Nataniël is as die beste grensverskuiwende produksie aangewys. Hy het ook die prys vir die beste prestasie in 'n musiekgedrewe produksie gewen.** Foto: PIETER LOMBAARD

# Vrou (90) kry haar Harley-droom

**Kaydene Davids**

'n Bloemfonteiner se jare lange droom is die naweek bewaarheid toe sy op haar 90ste verjaardag op 'n motorfiets kon ry.

Mada Basson kon Saterdagoggend haar oë nie glo toe Pieter Venter en Pieter Swanepoel op hul Harley-Davidson-motorfietse voor haar dogter Renée Jonker se huis in Langenhovenpark stilhou nie.

Hulle het haar en haar skoonseun Pieter Burger op 'n plesierrit na die Greenside-kwekery daar naby geneem waar sy saam met haar kinders, wat van heinde en ver, selfs Kanada, gereis het, die mylpaal gevier het. Hulle is tot tussen die tafels geneem waar hulle saam met die res van die familie ontbyt geniet het.

Basson, destydse voorsitter van die Maria van Riebeeckklub, het haar heup sowat vyf weke gelede gebreek en loop met 'n loopraam, maar het die rit van sowat tien minute terdeë geniet.



**Mada Basson op Pieter Swanepoel se Harley-Davidson-motorfiets.**

Volgens Jonker, 'n afgetrede assistentmatrone van die Life Rosepark-hospitaal in die stad, het haar ma nog altyd gesê as sy 90 word, wil sy op 'n motorfiets ry.

"Sy kon haar oë nie glo nie. Sy het die rit vreeslik geniet."

Basson het die res van haar verjaardag saam haar kinders, Jonker, Madine Scheeres van Kanada, Edell Burger van Stilbaai en Henriek de Wet van Johannesburg deurgebring.

Basson is die dogter van dr. Willie Knobel, wat pres. Blackie Swart se huisdokter was, en suster van dr. Niël Knobel, voormalige geneesheer-generaal van die weermag.

Sy was getroud met dr. Hennie de Wet, voormalige president van die Vereniging van Plastiese Chirurge van Suid-Afrika. De Wet is in die 1990's oorlede waarna Basson met Faure Basson getroud is. Hy is in 2020 oorlede.

## TROUE IN PRETORIA

# 2 vind oulike metgeselle met dié plan

## Vraelys op Facebook bring hul bymekaar

**Seugnet van Zyl**

Twee hartsvriendinne se plan om metgeselle vir vriende se troue in die Jakarandastad te kry, was 'n groot sukses.

"Ons het gekry wat ons wou hê," sê Marunelle Hitge (27), 'n prokureur van Mbombela, van haar en Janke Muller (26), 'n Afrikaans-lektor in Pretoria, wat in Augustus besluit het hulle gaan nie weer alleen na 'n troue toe nie.

Hul vriende Danel Wessels en JP Engelbrecht is Saterdag by De Harte naby Onderstepoort in die noorde van Pretoria getroud. Muller was 'n strooimeisie.

Hulle het op 29 Augustus in 'n video-oproep van twee uur met hul plan vorendag gekom, wat 'n advertensie en aanlyn vraelys ingesluit het. Hulle het dit die volgende dag op hul Facebookblaaie geplaas en dis teen die aand meer as 100 keer gedeel.

Die aansoekers moes ongetroud en nie in 'n verhouding wees nie, "partytjiedier-persoonlikhede" hê en lekker kan dans.

Hulle moes ook die aanlyn vorm voltooi waarin hulle onder meer hul ouderdom en beroep moes gee, of hulle van sokkie hou, hul beste *pick-up-lines*, of hulle van bier of brandewyn hou, braaibroodjies met blatjang daarop of daarsonder verkies en wat hulle meen die beste bakkie op die mark is.

Boereseuns het dubbelpunte gekry.

Hul grootste behoefte was om op die troue lekker te kan dans. Volgens hulle is baie van hul vriende in 'n ernstige verhouding of staan op trou, wat hul moontlikhede om 'n metgesel te vind, beperk.

Uiteindelik kon hulle kies en keur uit meer as 100 aansoekers van oor die land heen.

> **Ons ly eintlik steeds aan bomskok dat ons plan so goed gewerk het.**
>
> — Marunelle Hitge

Riaan van Wyk (25) het Hitge na die troue vergesel en Anrich Fourie (26) vir Muller.

Nog een van die vriendinne se voorwaardes was dat hul metgeselle vriende moes wees. Van Wyk en Fourie is beste vriende, oud-Pukke en oorspronklik van Benoni aan die Oos-Rand.

Vir drie maande voor die troue het hulle mekaar beter leer ken deur oor die foon en met video-oproepe te gesels.

Hulle het mekaar ook van aangesig tot aangesig in Pretoria ontmoet.

Albei sê Van Wyk en Fourie het hulle op die hande gedra op die troue en hulle het lekker gedans en partytjie gehou.

Hulle het Muller ook met haar heildronk op die bruidspaar gehelp.

"Ons ly eintlik steeds aan bomskok dat ons plan so goed gewerk het. Dis regtig *crazy*. Dit was 'n *roller coaster*. Ons het so baie mense ontmoet en in die proses baie van onsself geleer," het Hitge gister gesê.

Vir Muller was die spesiaalste dat sy dit saam met Hitge kon doen. Hulle het die plan saam beraam en deurgevoer.

In 'n tyd van maats en geliefdes aanlyn soek, het hulle besluit om met 'n ander manier vorendag te kom.

"Ons advertensie en aanlyn vorm was meer persoonlik. Ons wou die aansoekers persoonlik leer ken. Ons het ook vir elkeen wat aansoek gedoen het, 'n dankie-sê-briefie gestuur," sê Muller.

Hitge en Muller gaan hul plan weer gebruik vir die volgende troue of ander geleentheid waar hulle lekker sal kan dans.

Muller, oorspronklik van Middelburg in Mpumalanga, het Hitge, oorspronklik van Mbombela, vyf jaar gelede in Pretoria ontmoet.

Sy gaan binnekort by Hitge kuier waar hulle gaan "filosofeer oor hul sakeplan" om ander te help om metgeselle en selfs liefde te vind.



**Marunelle Hitge by haar metgesel, Riaan van Wyk, en Anrich Fourie saam met Janke Muller opdie troue in Pretoria.**

# Sjef Jan se kothuis-restaurant baie gewild

**Ané van Zyl**

Die Suid-Afrikaanse Michelinster-sjef Jan Hendrik van der Westhuizen se nuwe seisoenale restaurant in Franschhoek is byna vol bespreek.

Hy het mense Vrydag genooi om besprekings te doen vir 'n "uitsonderlike kos-en-wyn-ervaring" wat aangebied word in die geskiedkundige Veepos-kothuis op die La Motte-wynplaas. Die kothuis dateer van 1712.

"La Motte nooi jou na JAN Franschhoek, reg in die middel van die Franschhoekvallei se skilderagtige laventelvelde," lui 'n advertensie vir die restaurant.

"Gegrond op die gewilde TV-reeks *JAN RSVP* vertel Suid-Afrika se eerste Michelin-ster-sjef 'n nostalgiese storie met kos.

"JAN Franschhoek bied 'n kulinêre reis geïnspireer deur die omliggende rivier en berge, wat twee pilare van 'n vasgestelde a la carte-spyskaart sal vorm," sê Van der Westhuizen op Facebook.

Besprekings om een van die 16 gaste te wees wat daagliks Van der Westhuizen se kookkuns kan geniet, raak vinnig vol, en daar is slegs enkele sitplekke oor.

Van der Westhuizen se die restaurant sal van 1 Desember tot 31 Mei oop wees.

"JAN Franschhoek se span sal 'n kulinêre kollektief insluit onder leiding van Antro Davel van die JAN-groep en die hoofsjef Anzette Klynhans. Ek sal die rol van kulinêre direkteur vervul."

Op *JAN RSVP* nooi Van der Westhuizen mense na die koservaring van 'n leeftyd en maak vir elkeen 'n unieke gereg wat geïnspireer is deur hul eie stories.


Hy en sy gaste maak saam kos, gesels oor die lewe, ou resepte, tradisies en geregte.

Onder die gaste is bekendes soos Coenie de Villiers, Ina Paarman, die sjef Mokgadi Itsweng en Evita Bezuidenhout.

Van der Westhuizen bedryf ook JAN, 'n Michelin-ster-bekroonde restaurant, in Frankryk, asook Restaurant Klein JAN in die Tswalu-wildreservaat in die Kalahari.

Die toonaangewende reistydskrif *Travel + Leisure* het Restaurant Klein JAN as een van die wêreld se tien mees buitengewone hoëgehalte-koservarings gekies.

Van der Westhuizen het ook 'n ontwikkelingskombuis in Kaapstad waar 'n talentvolle span sjefs en studente saamwerk om Suid-Afrikaanse kos verder te ontwikkel en te vernuwe.



**Die Veepos-kothuis op die wynplaas La Motte in Franschhoek waar die seisoenale restaurant sal wees.** Foto: FACEBOOK

